Volume 18, Nommer 2

Maart 2018

AB Nuusbrief

NUUSBRIEF VAN DIE AFRIKANERBOND

In hierdie uitgawe:

- *Woord deur die Voorsitter* p1
- *'n Nuwe president - herstel van grondwetlike waardes* p2
- *Die retoriek oor grond is gevaarlike wapens in 'n demokrasie* p4
- *Onteiening sonder vergoeding* p5
- *Ou landsvlag en bestaande politieke simbole* p7
- *Neem deel aan beheerliggaamsverkiesings* p9
- *Die vlam vir Afrikaans* p10
- *Kom vier ons eeufeesjaar* p10

Woord deur die voorsitter

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale raad

Die Afrikaner is die enigste volk wat homself vernoem het na die kontinent waarvandaan hy kom - ook ons taal Afrikaans, is vernoem na Afrika. Op 6 Maart sal dit driehonderd en elf jaar gelede wees (6 Maart 1707) dat Hendrik Biebouw die woorde geuiter het *"IK wil niet loopen,'k ben een Africaander al slaat die landrost mijn dood, of al setten hij mij in den tronk. IK sal, nog wil niet swijgen"* Ons liefde en verbintenis tot die land en die kontinent moet nooit bevraagteken word nie, veral nie deur politieke heethoofde nie.

In opdrag van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond is die dagbestuur tans midde besoeke aan elke streek in voorbereiding van die 100 jarige herdenking op 5 Junie van hierdie organisasie. Hierdie vurige interaksie met bekommerde Afrikaners kon nie op 'n meer geleë tyd plaas vind nie en duidelik loop dieselfde bloed na 311 jaar selfs meer bruisend deur die are " *Ik sal, nog wil niet swijgen"* Dit is nog meer so nadat die mosie oor die onteiening van grond sonder vergoeding in die parlement aanvaar is.

Nadat die eerste Kodesa in Desember 1991 afgeskop het en Kodesa 2 in 1992 tot stilstand geknars het, was die een persoon wat 'n leidende rol gespeel het met sy persoonlike dryf en inisiatiewe, Mnr Cyril Ramaphosa. Tydens die 1993 Veelparty Onderhandelingsforum was hy instrumenteel in die proses dat Suid Afrika uiteindelik 'n nuwe grondwet gekry het. Dit was daarom geen verrassing dat 'n groot sug van verligting opgeklink het toe die chaos van die vorige president beëindig is met die aanwysing van die nuwe President nie. Daar was 'n algemene gevoel onder Afrikaners dat die dagbreek na nasiebou, minderheidsregte en beskerming van eiendomsreg, nou aangebreek het. Dit was tog die kwessies waaroor daar tot 'n vergelyk gekom is. Afrikaners wat selfs voor ander groepe in suid-Afrika gevestig is en vandag as "ons" mense kwalifiseer sit wortels neer doer onder in die land se donker are"

(Bloekomboom) Soos die Bloekomboom het Afrikaners 'n reguit stam, groei vinnig met 'n fokus na bo, kan aanpas, dien as meubels, skeepsbou en stutte in myne, vingers (blare) herlei water na die wortels toe wanneer hy seëninge ontvang. Sy gom is helend en beskerm ook ander hout teen insekte wanneer hulle saam gebruik word.

(Vervolg op p2)

As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika

Woord deur die Voorsitter (verv)

Die Afrikaner is lankal nie meer die indringer waarvoor so baie hom voor wil uitmaak nie. Ons is hier om te bly en " *Ik sal, nog wil niet swijgen"*

Dit is daarom ironies, of toeval, dat die felste aanslag teen die grondwet nou plaasvind, enkele dae nadat Mnr. Ramaphosa ingesweer is as president van Suid Afrika. Die aanmatigende en ook arrogante houding en self toegekende regte bloot op grond velkleur deur mede Suid-Afrikaners wat volgens historici ook "indringers" in die suidpunt van Afrika is, veroorsaak tans geweldige spanning. Die mosie vir 'n wysiging in die grondwet vir onteiening sonder vergoeding (EWC – Expropriation without Compensation) is die dood in die pot. Ons kan dit maar onomwonde stel - hierdie saak kan lelik raak. Onteiening sonder vergoeding vir politieke doeleindes is onaanvaarbaar.

Riaan Malan sing in sy liedjie oor die Bloekomboom:

"Maar ek sê alien, ook inboorling, hy's nes ek, my bloekomboom
Hy hoort nie hier, maar sit wortels neer doer onder die land se donker are.
Daar staan 'n bloekomboom op elke plaas en sy werf, hoe gaan dit lyk as hy uitsterf?
Alien, ook inboorling, laat staan my bloekomboom. 300 jaar ons twee langs mekaar, nou tussen die bullet en die byl"

Vanuit ons oortuiging dat dialoog die beste geweer is sal ons vir solank dit moontlik is hierdie opsie bly gebruik om sin te gee aan onsin wat gepredik word.

Die Afrikanerbond is tans besig om vas te byt tussen die "bullet en die byl" en reeds intens betrokke in verskeie gesprekke. Vanuit ons oortuiging dat dialoog die beste geweer is sal ons vir solank dit moontlik is hierdie opsie bly gebruik om sin te gee aan onsin wat gepredik word.

Die grond kwessie moet nie as politieke speelbal gebruik word nie. Onteiening sonder vergoeding vir politieke doeleindes moet gestop word. Afrikaners ervaar tans fel aanslae wat hom gereeld in die verlede tot uiterste gedryf het. Moorde op plase aan die een kant maar aan die ander kant is ons uitlewing van ons Vryheid (Eindomsreg) en ons liefde vir grond in gedrang met die grond wat nou dreig om onregmatig afgeneem te word.

Ons kan nie eers begin om die een beginsel in die grondwet prys te gee nie. Dit maak die deur oop vir soveel ander regte wat ingeperk of weggeneem kan word.

Die mosie oor onteiening soos verwoord in die Parlement op 27 Februarie 2018 maak nie ekonomies sin nie. Die Insitute for Race Relations beraam dat banke nagenoeg R160 miljard kan verloor as onteiening sonder vergoeding kan gebeur. Omdat dit nie ekonomies sin maak nie is die ander aanname dat dit gedryf word deur vergelding, wraaksug en berus op verdraaide feite uit die geskiedenis en onjuiste waarhede. Net so word die feite verswyg oor hoekom herverdeling en grondhervorming nie suksesvol is nie. Die skuldiges van die onsuksesvolle grondhervormings beleid asook hulle wat miljarde daarvoor misbruik het, of in die sak gesteek het, staan agter die deur. Ons kan nie eers begin om die een beginsel in die grondwet prys te gee nie. Dit maak die deur oop vir soveel ander regte wat ingeperk of weggeneem kan word. Kort voor lank bevind ons onsself met 'n nuwe grondwet waarmee ons nie saam kan gaan nie en ons vryheid nog meer inperk.

Dit is daarom nie vreemd en vergesog om te vermoed dat Afrikaners in die klein uurtjies van die nag, ernstig wroeg met besluite en emosies, soos van ouds, wat soos 'n klimtol spin en op en af beweeg met N P van Wyk Louw se Dieper Reg in gedagte. Ons grondwetlike regte word vertrap. Die Afrikanerbond sal midde in dit alles ook onvermoeid werk om reg te laat geskied. Wees Sterk! ❖

'n Nuwe president - herstel van grondwetlike waardes

In sy ampseed verklaar die president onder meer dat hy:

- "*sal bevorder wat tot die voordeel van die Republiek is en sal afweer wat die Republiek kan skaad;*
- *die regte van alle Suid-Afrikaners sal beskerm en bevorder; en*
- *aan almal reg sal laat geskied,*
- *hom aan die welsyn van die Republiek en al sy mense sal wy. "*

(Vervolg op p3)

’n Nuwe president - herstel van grondwetlike waardes

Die laaste dekade was rampspoedig vir Suid-Afrika op vele wyses. Onder mnr Zuma wat dieselfde ampseed afgelê het se leierskap het die toepassing van onder andere ekonomiese beleid gelei tot groter armoede, werksverliese, sosiale afhanklikheid, landelike en grondverval, outokratiese en eensydige manipulasie van eens trotse staatsinstellings en bowenal enorme staatskorrupsie.

Die belangrikste maatstaf waaraan die Afrikanerbond die era meet was die blatante vertrapping van die grondwetlike regte van kulture en minderhede, waarvan taal seker die belangrikste is. Talle kere is waarskuwings hieroor as alarmisties en rassisme afgemaak. Ons onthou maar te goed ’n ete met ’n aantal Afrikaners op 11 Maart 2010 saam met mnr Jacob Zuma by Mahlamba Ndlopfu, die presidensiële woning in Pretoria. Op ’n pertinente vraag van die Afrikanerbond oor die toekoms van Afrikaanse skole en universiteite het hy net die teenvraag gevra: Is dit werklik onmoontlik om ’n oplossing te kry? Hy wil nie hê “mense moet uitgesluit word van universiteite nie maar as dit hulle (wit en swart) behoefte is om in Afrikaans te wil studeer moet die geleentheid daar wees”. Hy het toe onderneem dat ’n klein werksgroep gevorm sal word om aandag te gee aan hierdie en ander belangrike kwessies. Ten spyte van vele herinneringe deur korrespondensie is daar nooit reaksie ontvang nie. Inteendeel, hy was instrumenteel daarin om taal en ander kultuurregte nog verder te verskraal. Die hoeveelheid hofsake oor taal en onderrig in die laaste paar jaar is die sigbare bewys hiervan. Ongelukkig is die eens oop en gemoedelike verhouding tussen die president, die regerende party en Afrikaanse organisasies ernstig geskaad in die tydperk.

Ongelukkig is die eens oop en gemoedelike verhouding tussen die president, die regerende party en Afrikaanse organisasies ernstig geskaad in die Zuma tydperk.

Ironies genoeg is groot getalle wit en swart mense in die laaste paar weke verenig in die kreet dat mnr Zuma moes bedank. Met sy uiteindelike bedanking uit die posisie waarin alle waardigheid en integriteit deur mnr Zuma oorboord gegooi is, glo en vertrou ons dat mnr Ramaphosa aan alle Suid-Afrikaners weer nuwe hoop sal bring aan grondwetlike drome, hoop en verwagtinge. Suid-Afrika kan soveel meer wees as die gehawende en geplunderde land onder Zuma se rampspoedige leierskap. Dit is ironies dat mnr Zuma se laaste woorde op TV met sy bedanking in Afrikaans was “Baie dankie” en dat mnr Ramaphosa se eerste woorde in die parlement na sy verkiesing skalks gerig aan die Demokratiese Alliansie “Pasop,” ook in Afrikaans was.

Die Afrikanerbond word gerig deur ons Credo wat onder andere lui: *Dat ons die aard en wese van 'n ware demokratiese staatsbestel beskerm en bevorder en enige ondemokratiese aspekte en neigings met mening bestry; en sal ons alles in ons vermoë doen om geregtigheid, billikheid en die hoogste etiese en morele waardes in Suid-Afrika te bevorder.” En “In hierdie proses sal ons waar nodig en toepaslik, saamwerk met die Owerheid en Staatsinstellings op alle vlakke en met alle patriotiese organisasies in die Burgerlike Samelewing om die gemeenskaplike doelwitte te bereik.*

Mnr Rampahosa is nou tot president van Republiek van Suid-Afrika verkies. Ons wens hom geluk, sterkte en krag toe en weet dat hy in die gebede van baie Suid-Afrikaners opgedra word. Ons glo dat hy die ampseed sal uitleef en besef dat hy die belang van alle Suid-Afrikaners op die hart moet dra. Vandag moet die nuwe leierskap ’n leemte vul in ’n land wat smag na leierskap met integriteit. Suid-Afrika het nodig dat daar wedersydse vertroue moet wees, respek vir mekaar se standpunte en bowenal ’n wil om mekaar tegemoet te kom en mekaar te probeer vind tussen die probleme en uitdagings van die tyd.

Suid-Afrika het nodig dat daar wedersydse vertroue moet wees, respek vir mekaar se standpunte en bowenal ’n wil om mekaar tegemoet te kom en mekaar te probeer vind tussen die probleme en uitdagings van die tyd.

Daar is nog steeds ’n werklike wil en deursettingsvermoë om Suid-Afrika as suksesvol tot voordeel van almal te laat funksioneer. Ons wil glo en vertrou dat mnr Ramaphosa die man is wat die talente en vaardighede van alle Suid-Afrikaners sal erken, respekteer en bevorder. Daarom het ons reeds ook versoeke tot gesprekke gerig met die hoop dat mnr Ramaphosa se insigte oor grondwetlike kwessies sal meehelp om die kwessies soos taal, onderwys, misdaad, grond en landbou en vele ander tot voordeel van Suid-Afrika op te los.

Ons dat ons deur deelname aan enige gesprek wel kan meehelp aan die soeke na oplossings en dat ons deelname aan dialoog ’n proaktiewe stem is in die bevordering van gemeenskaplike belange en ’n nasionale konsensus. Daar moet egter ’n baie duidelike basis wees vir toekomstige gesprekke. ❖

Die retoriek oor grond is gevaarlike wapens in ’n demokrasie

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad en Sameroeper van die Ad Hoc groep vir die Beskerming van Eiendomsregte

Eiendomsreg is een van die pilare van stabiliteit in menige land wat suksesvol is en suksesvol bly ontwikkel. Dit kan nie soos suigstokkies gevat word by party en bloot uitgedeel word aan ander net op grond van ras nie. Dit kan ook nie geïmpliseer word in uitsprake en beleidsraamwerke nie. Ongelukkig is dit die geval die laaste paar jaar en het momentum verkry met die ANC se nasionale konferensie in Desember 2017 rondom die aanvaarde voorstel van onteiening sonder vergoeding en die EFF se mosie wat die ANC ietwat gewysig het oor die onteiening van grond sonder vergoeding. Dit is op Dinsdag 27 Februarie 2018 in die parlement aanvaar met 241 stemme teenoor 83. ’n Parlementêre grondwet-hersieningskomitee moet nou die eiendomsartikel (art. 25 van die Grondwet en ander bepalings) hersien om voorsiening te maak vir die beginsel van grondonteiening sonder vergoeding.

In stede daarvan om die fout vir die mislukking van grondhervorming elders te soek moet die grondwet gewysig word om onteiening sonder vergoeding in te stel.

Die ANC se 54e konferensie by NASREC in Desember 2017 het die debat ontketen. Die EFF het die mosie ingedien omdat hulle slaansak mnr Zuma nie meer in die parlement is nie. ’n Ander slaansak moes gesoek word en grond het weer ’n handige politieke speelbal geword, maar in stede daarvan om die fout vir die mislukking van grondhervorming elders te soek moet die grondwet gewysig word grondonteiening sonder vergoeding in te stel.

Die versekeringe dat die ekonomie nie geskaad moet word nie, skiet ongelukkig ver te kort. Die oggend na die kabinetskommeling berig media dat die Rand moontlik die teiken van R11.40 kan haal vanaf ongeveer R11.55 die vorige dag in positiewe reaksie op die kabinetskommeling. In dieselfde middag word die mosie oor grondonteiening bespreek wat die Rand verswak na R11.76. Wat sou die toepassing in praktyk nie aan die ekonomie doen nie? Die realiteit is dat die ekonomie reeds steier onder politieke leierskap tekortkominge en beleidsonsekerhede. Die moontlike grondwetwysiging skep net nog meer onsekerheid en nog meer polarisasie.

Geen grond is deur witmense gesteel nie. Geen grond behoort aan ander, bloot net omdat jy swart is en in Afrika woon nie. Grond en eiendom word verkry deur harde werk, deursettingsvermoë, deur ontwikkeling, beplanning, bestuur en produktiwiteit. Wit Suid Afrikaners word allerweë as van die beste boere in die wêreld, ook deur leiers in Afrika erken. Dit is net so geldig vir die trotse swart eienaars van suksesvolle plase in Suid Afrika en wat skouer aan skouer met wit boere kos produseer en bydra tot voedselsekerheid.

Volgens prof Mohammad Karaan, dekaan van die fakulteit Agri Wetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch is ongeveer “R 300 miljard gemors in pogings om mense in boerdery te bring”.

Ons staan nie in weerstand teen grond en grondbesit nie. Dit is omdat ons bekommerd is oor grondbesit en landelike ontwikkeling in Suid-Afrika dat ons nie net kan stilbly nie. Omdat ons lojale Suid-Afrikaners is en omdat ons ’n baie hoë premie plaas op voedselsekuriteit het ’n aantal organisasies oor jare hulle ernstige kommer uitgespreek oor die uitgediende ideologiese basis.

Dit wil voorkom asof die ANC deur sy boelie-taktiek nie self verantwoordelikheid wil neem nie maar eerder staatmaak op gekontamineerde en verouderde politieke standpunte en uitgediende ideologiese vertrekpunte wat in direkte konflik met die Suid-Afrikaanse grondwet is. Die vraag moet noodwendig gevra word of dit die begin is van die vertrapping van die grondwet en die waardes daarin vervat?

Volgens prof Mohammad Karaan, dekaan van die fakulteit Agri Wetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch is ongeveer “R 300 miljard gemors in pogings om mense in boerdery te bring”. Dit spreek boekdele en behoort ’n dringende boodskap aan die regering te stuur. Skep en bevorder eerder ’n model wat werk en suksesvol is. Te veel energie, tyd en skaars fondse word aan idealistiese drome en ideologieë spandeer. Dit is uitgewys in die onlangse debat oor die Staatsrede. Ongelukkig val die boodskap op dowe ore en is dit populistiese aansprake wat bevorder word en bydra tot geweldige onsekerheid.

(Vervolg op p5)

Die retoriek oor grond is gevaarlike wapens (verv)

Selfs die beste president, begrotings en kabinetskommelings gaan dit nie verander nie. Wit Suid-Afrikaners en vele organisasies het hulle verbintenis tot grondhervorming telkemale bevestig. Daar is meer as genoeg grond in die mark om te voldoen aan die behoefte vir werklike grond. Daar is baie suksesverhale van vennootskappe, mentorskappe en bewyse van goeie samewerking tussen bestaande boere en opkomende boere in inisiatiewe van grondvlak af.

Die beste man/vrou vir die werk en gesonde markbeginsels sal self die uitkomste bepaal. Gee aan elke Suid Afrikaner die geleentheid om die argitek van sy eie lewe te word en hou die besoedelde hande van politieke koppelaars weg van die Suid- Afrikaners wat bereid is om in die aansien van sweet hulle eiendom te wil verdien en besit. Adjunkminister Mcebisi Skwatsha se groot "vergewingsgesindheid" en belofte van 'n eiendomsberaad in Maart oor grondhervorming is bloot 'n aankondiging sonder substansie. Dit is ondeursigtige poging om tyd te koop. Watter nuwe spel en spelreëls wil hy in plek sit, anders as die erkende en duidelike beginsels oor eiendomsreg?

Onteiening sonder vergoeding bots met die gevestigde internasionale beginsel van eiendomsreg soos deur die VN aanvaar: "Article 17.
(1) Everyone has the right to own property alone as well as in association with others.
(2) No one shall be arbitrarily deprived of his property."

Die droom van 'n nuwe dagbreek deur 'n President wat hoop skep, kan ongelukkig vinnig 'n nageeiendomsreg soos 'n skaakspel merrie word as grondbesit en of slegs van swart blokke gebruik gespel word deur slegs van wit om al die blokke, wit en swart, met te maak. Die sukses lê daarin en nie wanvoorstellings en vals groot vernuf en insig te gebruik vervang deur valse hoop en uitein- persepsies nie. Dan word hoop Dit mag ons nie toelaat nie. delik geweldige ontnugtering.

Die Afrikanerbond en die Ad Hoc Komitee vir die Bevordering van Eiendomsregte (Groep van organisasies en ander rolspelers) sal die prosesse dophou en sal nie huiwer om dan werklik op te tree en prosesse wat onwettigheid aanmoedig te stop nie. Daar moet vinnig sekerheid geskep word en hol woorde om tydelike gerustheid te skep gaan ons nie oortuig nie. Dit help ook nie om die skuld te verplaas in die proses nie. Die ANC en regering moet verantwoordelik en aanspreeklikheid aanvaar vir die besondere gemors wat gemaak is met grondrestitusie en grondbesit die laaste aantal jare. Ander sondebokke word gereeld voorgehou terwyl die werklike probleme geïgnoreer word. Enige verdere eksperimente met grondbesit hou 'n ernstige bedreiging in vir voedselsekerheid. Ons moet ook nie illusies hê dat slegs landelike grond in die visier is nie. Grondbesit is nou in die spervuur maar in werklikheid is eiendomsreg in die spervuur. In die toekoms kan 'n huis in die stad of 'n besigheid en ander eiendom in die spervuur kom. 'n Bal is aan die rol gesit wat onvoorsiene gevolge kan inhou en wat nie in die belang van die land en sy mense sal wees nie. ❖

Onteiening sonder vergoeding

Deur Johann van der Walt

Die EFF mosie rondom onteiening sonder vergoeding wat in die parlement aanvaar is was duidelik daarop gemik om die Ramaphosa faksie van die ANC in 'n hoek te druk oor onteiening sonder vergoeding. Malema het vooraf uitgeblaker dat as die ANC dit nie sou steun nie, dit bewys sou wees dat hulle nie regtig sonder vergoeding wil onteien nie.

Weer eens het die ANC vir die kantlyn geskop om tot Augustus tyd te wen. Tussen nou en dan kan die gevare van totale onteiening van alle privaat grond, wat die EFF voorstaan, nog gedebatteer word, en die President kan dalk net 'n groter deel van die NUK na hom toe laat swaai voor hy verplig word om teen die EFF standpunt in te neem.

Dit wil tog voorkom asof die president ekonomiese groei as eerste prioriteit sien en daarom die aandrang dat die ekonomie en voedselsekerheid nie deur onteiening benadeel moet word nie.

Dit wil tog voorkom asof die president ekonomiese groei as eerste prioriteit sien om nuwe werksgeleenthede te kan skep. Op die landbou toegepas sal hy ook plaasarbeiders se werksgeleenthede wil behou, en daarom die aandrang dat die ekonomie en voedselsekerheid nie deur onteiening benadeel moet word nie.

Ons het nog geen aanduiding of President Ramaphosa die grond wat onteien gaan word met titels wil uitdeel of nie. As hy titelaktes sou toestaan sal dit goed wees vir die ekonomie en sal dit buitelandse beleggings

(Vervolg op p6)

Onteiening sonder vergoeding (verv)

aanmoedig. Dit sal ook beteken dat die moontlikheid om grond "te ontneem" sonder vergoeding, (opsie 1 hierbo) prysgegee moet word, want dit sal die behoud van grond ten behoewe van alle swart mense onmoontlik maak.

President Ramaphosa is deeglik bewus van die noodsaak om grond wat herverdeel word ekonomies produktief te hou, of as staatsgrond toegeken sou word, dit eers ontwikkel sal moet word om dit ekonomies produktief te maak. Hy het die angel voorlopig uit hierdie aandrang gehaal deur te vereis dat onteiening sonder vergoeding nie die ekonomie mag skaad nie en ook nie nadelig mag wees vir voedselsekerheid nie.

As ons nou moet raai oor hoe die dreigement van onteiening sonder vergoeding onder Pres Cyril Ramaphosa kan uitspeel, sal dit waarskynlik trou aan sy styl lei tot samesprekings met die landbou organisasies, dat hulle saam iets sal uitwerk. Die landbou organisasies het reeds ver gevorder met uitstekende planne, maar dit is moontlik dat die militante plaaswerker vakbonde vir niks redeliks te vinde sal wees nie.

Landbou organisasies het reeds ver gevorder met uitstekende planne, maar dit is moontlik dat die militante plaaswerker vakbonde vir niks redeliks te vinde sal wees nie.

Dis ongelukkig ook so dat daar (volgens die ANC se bekende werkswyse) steeds 'n dreigement van radikale onteiening sonder vergoeding oor die boere se koppe sal hang wanneer samesprekings aan die gang kom, om seker te maak dat die boere nie in die versoeking kom om herverdeling heeltemal teen te staan nie.

Hoe sou onteiening sonder vergoeding moontlik wees binne die bestaande grondwet?

1. Deur die pad te volg wat die afvat van minerale regte sonder vergoeding geneem het. Dit was moontlik gemaak deur die Grondwetlike hof se beslissing dat onteiening en ontneming van minerale regte nie dieselfde is nie, en net soos met minerale regte, kan geargumenteer word dat vergoeding vir grond nie nodig is nie, solank grond wat so "ontneem" word, en deur die staat behou word, sogenaamd om dit namens alle arm swartmense te hou en dalk eendag aan individue oorgedra kan word. Daar is baie sterk argumente uit te maak teen hierdie moontlike werkswyse om grond af te neem wat duidelik oneerlik is, want die staat se optrede sal teen die gees en gewone betekenis van die grondwet indruis. Dit is ook 'n "six of nix" beplande werkswyse, vir die staat, weens die groot weerstand wat dit sal uitlok, en ook skade aan beleggingsvertroue sal veroorsaak, maar ook vir die boere, omdat die Konstitusionele hof net dalk die staat se argumente mag steun, en dan is die onheilige pad van grondgrype sonder vergoeding vir altyd oopgemaak.

2. Deur gronde by munisipaliteite of provinsies te onteien, veral waar hulle nie genoeg doen om grondhervorming aan te pak nie.

3. Deur grond van die stamowerhede, veral in die ou tuisland state te onteien, wat tot nou toe stamgronde was, veral in die Oos Kaap en Kwazulu Natal. Nkandla is op sulke grond ontwikkel en word nie belas nie omdat dit geag word om staatsgrond te wees, maar die staat kan dit nie gebruik of verkoop nie, weens die stamme se gevestigde gebruiksreg.

Stamgronde word nie belas nie omdat dit geag word om staatsgrond te wees, maar die staat kan dit nie gebruik of verkoop nie, weens die stamme se gevestigde gebruiksreg.

4. Deur met landbou maatskappye en groot landbougroepe ooreen te kom dat hulle dele van hulle grond aan hulle plaaswerkers (bv. in 'n trust) afstaan, en dan voortgaan om dit saam met die plaaswerkers te bewerk. 'n Pro rata deel van die wins uit elke oes kom dan die plaaswerkers toe, terwyl die gedeelte wat afgestaan word steeds in 'n werkerstrust vestig. Dis 'n gesonde gebruik om werkers in bedrywe te laat deel in winste om hulle aan te spoor om lojaal te bly en hard te werk, in hulle eie belang. Alhoewel hierdie wyse van herverdeling nie onteiening is nie, word dit sterk geloods as gevolg van dreigemente om grond te onteien.

5. Sulke ooreenkomste is al met verskeie groot boerebedrywe aangegaan en dit werk goed. Die staat hoef ook nie geld uit te lê nie, en grond word herverdeel. 'n Klein groepie groot boere en boerebedrywe lewer by verre die grootste aandeel van oeste landswyd op, en as hierdie plan uitgebrei kan word, en momentum opbou, word voedselsekerheid nie geraak nie.

(Vervolg op p7)

Onteiening sonder vergoeding (verv)

Sodra voedselsekerheid so genoegsaam beveilig is kan die staat in die versoeking kom om met onteiening van grond sonder vergoeding voort te gaan, en die risiko loop om die hofgevegte oor die geldigheid van sulke onteienings aan te pak.

Daar gaan in elk geval ‘n lang tyd verloop om die meeste groot boere se grond gedeeltelik te herverdeel, en intussen kan die politieke toneel heeltemal verander. Die ANC kan dalk weer ‘n 2/3de meerderheid hê of die EFF kan weer in die ANC opgaan, en ‘n so ‘n 2/3de meerderheid kry om die grondwet te verander.

Die burgerlike gemeenskap moet egter steeds waaksaam bly om nie op die verkeerde voet gevang te word nie. Ons onthou mos hoe die blanke boere onkant gevang was in Zimbabwe, toe hulle deur Zanu PF gerus gestel was met “moenie bekommerd wees oor wat ons kwytraak nie, ons sal nie regtig julle grond vat nie.” Dit sal goed wees as ons kommunikasie kanale kan oophou, maar terselfdertyd wakker slaap. ❖

Ou landsvlag en bestaande politieke simbole

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Die ou landsvlag is opnuut weer in omstredenheid gehul nadat die Nelson Mandela Stigting die vertoon van die ou landsvlag deur die gelykheidshof tot haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering op grond van ras wil laat verklaar. (Vanuit die Nelson Mandela Stigting se verklaring *“the old official flag of apartheid South Africa constitute hate speech, unfair discrimination and harassment based on race.*” Hulle sê dan verder “Dit doen niks om maatskaplike geregtigheid, nasionale eenheid en menswaardigheid te bevorder nie. (“*They do nothing to advance social justice, national unity and human dignity – quite the opposite. They cannot be protected by our Constitution, or defended in the name of tolerance and reconciliation, as they demonstrate a total rejection of tolerance, reconciliation and all of the values underlying the Constitution.*”)

Die Stigting sê dan voorts dat dit nie is nie die doel om die gelykheidshof te forseer om die vertoon van die ou landsvlag te kriminaliseer nie. In plaas daarvan wil hulle wetgewing gebruik om die praktyke te ontmoedig. Bestaande wetgewing bemagtig gelykheidshowe volgens die Nelson Mandela Stigting om gepaste remedies toe te deel vir gedrag wat gelykheid en menswaardigheid ondermyn, soos verskonings, gemeenskapsdiens en sensitiwiteitsopleiding.

Bogenoemde klink alles goed en wel maar die afdwing van straf op die vertoon van simbole kan nie “gekriminaliseer word nie.” Daar is die grondwetlike beginsel van vryheid van spraak, en daarmee saam die verantwoordelikheid om die beginsel op te eis en toe te pas. Die ou landsvlag het baie sentimente. Dit geniet egter nie meer status nie en moet veral nie gebruik word om politieke standpunte oor te dra of te simboliseer nie. Dit is wat ongelukkig weer verlede jaar gebeur het tydens die proteste teen misdaad. Sommige mense beskou dit as 'n simbool van geskiedenis en Afrikaner-erfenis, terwyl ander dit as 'n simbool van apartheid en van wit oppergesag beskou. Daarvoor moet begrip wees. Alhoewel die gebruik van die vlag nie verban is nie, of selfs deur wetgewing verbied is nie, is daar voortdurend pogings om deur propaganda die gebruik daarvan te probeer kriminaliseer en selfs aan internasionale terreur en hoogverraad te koppel soos ook deur die adjunkminister van polisie Bongani Mkongi in ’n verklaring verlede jaar na afloop van die vertoon van die ou vlae.

Die ou landsvlag het baie sentimente. Dit geniet egter nie meer status nie en moet veral nie gebruik word om politieke standpunte oor te dra of te simboliseer nie.

Die volle konsekwensie van die Nelson Mandela Stigting se “edele motief” rondom haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering op grond van ras moet dan egter nie net tot die ou landsvlag beperk word nie. In die onlangse parlementêre mosie van die EFF sê Julius Malema *"The time for reconciliation is over; now is the time for justice. The grandchildren of Jan van Riebeeck have not understood that we need our land."* Dit is Malema se hoeveelste uitdrukking gebaseer op haatspraak wat geuiter word en waarna geen haan weer kraai nie.

Maar dit is nie net wat gesê word rondom “haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering op grond van ras” nie. Tans is daar dertien politieke partye verteenwoordig in die parlement. Die groot en bekende

(Vervolg op p8)

Ou landsvlag en bestaande politieke simbole

partye sluit in die ANC, die DA, die EFF, COPE, IVP en VF+ se UDM, NFP en ACDP. Elkeen het sy eie simbole of logo's en die vertoon daarvan spreek boekdele. Die meeste politieke partye het kleure verweef rondom die huidige landsvlag of ander neutrale kleure en selfs diere as motiewe.

Daar is egter twee logos wat uitstaan en wat verder ontleed moet word. Kyk net na die EFF se logo. Die swartmagvuis wat 'n assegaai omhoog hou. Volgens Wikipedia simboliseer die gebalde vuis logo eenheid of solidariteit gewoonlik met onderdrukte mense. Die swart vuis, hou algemeen verband met swart nasionalisme en soms sosialisme. Die mees bekende gebruik was in die 1960's deur die Black Panther Party in die VSA. Die wit vuis, ook bekend as die Ariese vuis of die White Power-vuis, is 'n logo wat gewoonlik met wit nasionalisme verband hou. Terloops die gebruik hiervan sou in Suid-Afrika onmiddellike heftige openbare reaksie en gevolge gehad het. Die swartmagvuis met 'n assegaai wat omhoog gehou word in 'n tyd van plaasaanvalle, 'n vlaag van misdaad en haatspraak begin sy eie betekenis kry. Hoe konsekwent is die vertoon van die EFF logo met die Nelson Mandela se aandrang rondom haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering op grond van ras, as dit by die ou landsvlag kom?

Die ANC as regerende party se logo in die huidige konteks moet ook bevraagteken word. Alhoewel nie dreigend nie het die assegaai en skild ook bepaalde betrekenis en volgens die ANC se eie verduideliking van die logo: simboliseer "'n assegaai en skild die vroeëre oorloë van weerstand teen koloniale heerskappy, die gewapende stryd van die ANC se voormalige gewapende vleuel, Umkhonto we Sizwe, en die ANC se voortgesette stryd teen rassevoorreg en onderdrukking".

Hoe die bogenoemde logo in 2018 en in die konteks van haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering op grond van ras enigsins van toepassing kan wees, is nie duidelik nie. As regerende party kan die ANC nie wegstaan van die meer as 19 000 moorde, of 34,1 moorde vir elke 100 000 van die bevolking nie of anders gelees 52.1 moorde per dag nie. Lees dit saam met 140 956 aangemelde gevalle van roof met verswarende omstandighede en 'n ander prentjie begin ontvou. In 2018 kan dit nie anders as om die logo aan die huidige vlakke van misdaad en geweld te koppel nie.

Dit is dieselfde party met dieselfde simbool wat die land tot dusver miljarde kos aan korrupsie en staatskaping:

- Volgens die voormalige minister van finansies, mnr Pravin Gordhan kos staatskaping die algehele fiskus R150 - R250 miljard. (Gerapporteer op 16 September 2017)
- Volgens mnr Ebrahim Patel minster van Ekonomiese Ontwikkeling beroof korrupsie die algemene bruto binnelandse produk van sowat R27 miljard jaarliks met 'n gevolglike verlies van 76 000 werksgeleenthede. (Gerapporteer op 1 September 2017)
- Die SA Vereniging van Gesertifiseerde Bedrog Ondersoekers van Suid-Afrika ACFE SA) se uitvoerende hoof, mnr Jaco de Jager, sê dat korrupsie die land sowat R105 miljard per jaar kos. (Gerapporteer op 11 September 2017)

Wees egter konsekwent met die hantering van simbole, of dit die ou landsvlag is en of dit bestaande politiek partye se simbole is.

Dan simboliseer die wiel in die logo dalk iets anders as die oorspronklike bedoeling van die mobilisering van mense rondom die Vryheidsmanifes, maar veel eerder 'n rol note wat wegraak in die sakke van korrupte politici en amptenare.

Ons het dit telkens in die verlede gestel. Die ou landsvlag het geen status meer nie. Bêre dit eerder. Om 'n wit Suid-Afrikaner te wees beteken dat ons aksies en optrede met arendsoë dopgehou word. Dit verg dus nog meer verantwoordelikheid en nog meer deurdagte en volwasse optrede. Dit verg ook 'n gesindheid van ruimte en begrip, van respek en verantwoordelikheid. Dit is ons bydrae in die trots op die Suid-Afrikaanse diversiteit, al is ons almal deesdae skaamkwaad Suid-Afrikaners. Suid-Afrika sit tans op 'n kruitvat wat deur politici gestook word. Wit Suid-Afrikaners moet nie met vonke naby die kruitvat speel nie, al word ons hoe uitgelok. So 'n vonk is die vertoon van ou vlae as politieke uitdrukking of simbool.

Wees egter konsekwent met die hantering van simbole, of dit die ou landsvlag is en of dit bestaande politiek partye se simbole is. ❖

Neem deel aan Beheerliggaamverkiesings

Skoolbeheer in Suid-Afrika is taamlik uniek in dié opsig dat ouers van regsweë meer inspraak het in die onderwys van hulle kinders as in verreweg die meeste wêreldlande.

Beheerliggame van openbare skole word kragtens die Skolewet sodanig saamgestel dat ouers op die beheerliggaam altyd in die meerderheid moet wees. Op hierdie wyse het ouers dus wesenlike inspraak in die sake van die skool. Die beheerliggaam bepaal uiteindelik die etos, beleid en algemene rigting van die skool. Dit is 'n baie verantwoordelike taak wat kundigheid, toewyding en geesdrif verg.

Die Skolewet bepaal ook dat beheerliggame se termyn beperk is tot drie jaar, maar die lede is herkiesbaar, mits hulle natuurlik steeds ouers van leerders in die skool is.

Die beheerliggaamverkiesings word landwyd in dieselfde tydperk gehou. Vanjaar vind die verkiesings regdeur Suid-Afrika in Maart plaas. Getalsgewys is dit die grootste verkiesing in die land met meer as 24 000 stemlokale en sowat 300 000 mense wat op beheerliggame verkies moet word – die meeste daarvan natuurlik ouers.

'n Skoolbeheerliggaam is ver verwyder van die skoolkomitee wat voorheen skole beheer het. 'n Skoolbeheerliggaam bestaan uit ouerlede (altyd in die meerderheid), onderwysers, administratiewe personeel en in geval van hoërskole selfs leerders. 'n Aantal ouers en gemeenskapslede kan tot 'n beheerliggaam gekoöpteer word vir hul spesifieke vaardighede, maar sonder stemreg. 'n Beheerliggaam het baie magte wat die aard en wese van leerlinge se opvoeding kan beïnvloed. 'n Beheerliggaam kan onder andere besluit oor die taalbeleid, die toelatingsbeleid, die gedragskode, die vakopsies, die tye van die skooldag, die buitemuurse kurrikulum en selfs die skooldrag van 'n skool. Verder moet die beheerliggaam die skool se fisiese eiendom beheer en administreer asook die finansies beheer. Van hierdie 2 take word natuurlik aan die personeel gedelegeer en deeglik met die ouerkorps bespreek. Natuurlik is die beheerliggaam ook verantwoordelik vir aanbevelings oor die aanstelling van personeellede, selfs die skoolhoof.

Getalsgewys is dit die grootste verkiesing in die land met meer as 24 000 stemlokale en sowat 300 000 mense wat op beheerliggame verkies moet word

Skoolbeheerliggame is nie by magte om betrokke te raak by die klasonderrigbedrywighede van die skool nie. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die skoolhoof en sy personeel wat op hul beurt verantwoording doen aan die onderwyshoof van die provinsie en die beheerliggaam.

Elke ouer het belang by die beheer en bestuur van die skool waar sy kind skoolgaan. Nogtans is Suid-Afrikaanse ouers geneig om apaties te staan teenoor beheerliggaamverkiesings. Ten einde 'n wettige verkiesing te hê skryf die verkiesingsregulasies voor dat minstens 15% van die skool se ouers tydens sodanige verkiesing moet stem. As die kworum nie behaal word nie, word die verkiesing uitgestel en by die uitgestelde verkiesing geld geen kworumvereiste nie. Dit het al by skole gebeur dat die kworumvereiste nie behaal word nie en dat 'n klein groepie ouers hulself sodanig organiseer dat hulle hulself dan by die uitgestelde verkiesing tot die beheerliggaam verkies kry. Daardeur kry hulle dan die geleentheid om die totale etos, kultuur of rigting van die skool te verander. Dit het katastrofale gevolge vir daardie skole gehad want politieke of ander agendas wat niks met die gehalte van opvoeding van kinders verband het nie, vier dan hoogty.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996, beheer onderwys in ons land. Dit is een van die mees progressiewe onderwyswetgewings en gee aan Suid-Afrikaanse ouers meer seggenskap oor hul kinders se opvoeding as in enige ander land in die wêreld.

FEDSAS doen 'n ernstige beroep op ouers wat die beste belang van hulle kinders en van hulle kinders se skool en opvoeding op die hart het, om hulself vanjaar verkiesbaar te stel as lede van beheerliggame. Ouers moet ook in groot getalle gaan stem sodat die kworumvereiste behaal kan word en die beste beskikbare kandidate tot hulle skole se beheerliggame verkies word.

Elke ouer het die reg en verantwoordelikheid om 'n verskil te maak. Indien u 'n positiewe inset wil maak in u kind se opvoeding, neem deel aan die verkiesing in Maart. Indien u bereid is om u kind se opvoeding weg te dobbel en hul toekoms in die hande van vreemdes te plaas, het u ook nou die kans deur onbetrokke te wees. Wees egter positief, ondersteun u kind se skool en kom maak in Maart 'n verskil deur te stem. ❖

Die Vlam vir Afrikaans

Die "Vlam vir Afrikaans" brand nou permanent by die Erfenissentrum van die Voortrekkermonument.

Mimi Coertse het vir ons die "Vlam" aangesteek ter herdenking van die erkenning van Afrikaans as amptelike taal een honderd jaar gelede op 8 Mei 1925. Sy het ook die gedenkplaat onthul wat by die "Vlam" aangebring is.

Verlede jaar het ons ook Afrikaans as radiotaal (80 jaar) en televisietaal (40 jaar) herdenk. Magdaleen Kruger, stasiebestuurder van RSG, het die gedenkplaat onthul. Heinrich Marnitz het die eerste woorde in Afrikaans gespreek toe die SAUK met Afrikaanse TV-uitsendings begin het. Hy het ook die gedenkplaat onthul.

Terugvoering van die Bestuur van die Voortrekkermonument is dat die "Vlam" druk besoek word. Die Besoekersboek word geteken. Besoekers lees ook graag die groeteboodskappe van toppresteerders in Afrikaans op skool en universiteit wat hul "Groeteboodskappe aan Afrikaans" in die uitstallêer kom plaas. Dosente, vakadviseurs, vakonderwysers, asook akademiese instellings oorsee, waar Afrikaans as vak aangebied word en alle Afrikaanssprekendes en belangstellendes, word nou genooi om ook 'n Groeteboodskap aan "Afrikaans" na boodskap@vlamvirafrikaans.org.za te stuur

Ons skenk 'n stel PPS "Prestige Prestasie Skouerbande" "Mnr. Afrikaans" en "Mej Afrikaans" aan skole en kampusse sodat toppresteerders dit van eksamen tot eksamen kan dra.
Die doel is tweeledig: Ons gee erkenning en gelukwense maar motiveer terselfdertyd al die leerders en studente tot beter prestasie sodat hulle ons PPS na die volgende eksamen kan dra.

Ons is baie dankbaar oor die mooi terugvoering wat ons van die Departementshoofde Afrikaans by ons kampusse en van skoolhoofde, vakonderwysers en ouers ontvang.
Ons gee dieselfde "Mnr. Afrikaans" en "Mej. Afrikaans" ook aan skoliere en student wat in Afrikaans as hul tweede taal presteer.

Ons het die projek nou ook uitgebrei na al die amptelike landstale. Ons vereer nou ook toppresteerders ("Mnr" en "Mej" in hul moedertaal met die tema: "Ons is trots op jou taal."
"Mr. and "Miss." English, "Mnu." en "Nksz." IsiZulu, Ndebele
"Mna." en "Moh"." Sepedi, "Mna." en "Moh." Setswana,
"Mong." en "Mof." Sotho, Swazi "Tat." en "Man." Xitsonga, Xhosa
"Vha." en "Vha." Venda,

Ons doelwit is dieselfde as met die Afrikaanse Skouerbande. Ons wil egter ook wedersydse begrip en respek tussen al die taalgroepe bewerkstellig. Ons kry ook hier baie goeie terugvoering dat ons in ons doel slaag.

Vriendelike ATKV-groete.

Sakkie Kotze
Voorsitter ATKV Centurion

Webwerf: Vlam vir Afrikaans
Webwerf: ATKV Centurion 082 925 1488 ❖

Kom vier ons eeufeesjaar

Op 5 Junie vanjaar is die Afrikanerbond 100 jaar oud.

Om die besondere jaar te vier en erkenning te verleen aan ’n organisasie en sy lede wat enorme prestasies bereik het, beplan ons enkele aktiwiteite vir die jaar waaroor ons u deurlopend sal inlig. Ons is bewus daarvan dat provinsies, lede en afdelings ook byeenkomste hou en word u versoek om die inligting ook aan ons deur te stuur .

In die verjaarsdagweek word die Algemene Nasionale Vergadering van die Afrikanerbond, of Bondsraad, soos wat dit beter bekend staan, beplan vir 7 en 8 Junie 2018 in Paarl. Die beplanning is tans dat die aand

(Vervolg op p11)

Kom vier ons eeufeesjaar (verv)

van 7 Junie 'n gesellige geleentheid op 'n wynplaas buite Paarl sal wees en Vrydag 8 Junie 2018 vind die Bondsraad in die Toringkerksaal in Paarl plaas. Afdelings is welkom om mosies via gebiede en provinsiale besture aan die kantoor te stuur met die oog op die Bondsraad. Ons sal eersdaags 'n skrywe aan elke lid stuur met meer inligting oor die besondere Bondsraad.

Ons boek—Broederskap-Eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond en die Afrikanerbond 1918-2018 - Deur prof Cobus Ferreira en Redakteur Prof Piérre Theron is naby voltooiing. Die boek bevat 'n aantal onderhoude met bekende Suid-Afrikaners. Persepsies en indrukke word in een afdeling van die boek behandel. Wyle prof Andre P Brink sê in 'n onderhoud: *"Ek het in my matriekjaar bewus geword van die Afrikaner-Broederbond – toe my pa lid geword het. Dit het met heelwat trots in die familie gepaard gegaan. My ma was een wat nie regtig kon stilbly nie. Sy het vir almal van ons daaraan bly herinner. Bly herinner wat se eer dit was en hoe belangrik dit was om daardie uitnodiging te kry. Elke maand het die lede by een of ander huis vergadering gehou. Dit was vir my ma 'n besondere geleentheid om die mans by ons aan't huis te ontvang en vir tee en koffie te sorg, sy het altyd gegloei oor die afgekaatste belangrikheid wat dit meegebring het. En ek self was ook gevlei daaroor. Ek het gevoel dat as my pa 'n lid van die AB was, dan wil dit darem iets sê."*

Oor Afrikanerskap sê prof Brink: *"Die huidige Afrikaner voel nog verward en selfs minderwaardig in die nuwe bedeling – uitgestoot en met 'n wrewelrige gevoel! Hy weet nie mooi waarheen hy moet gaan nie en weet ook nie mooi hoe om dit te hanteer nie."* Hierdie is maar enkele uittreksels en vele ander onderhoude is saam met die geskiedenis opgeneem in die boek wat in Junie bekendgestel word en besonderhede rondom prys en bestelling word ook eersdaags bekend gemaak. Die boek behoort met trots in elke lid se boekrak opgeneem te word.

In Maart volg verdere besoeke van die dagbestuur van die Nasionale Raad aan ons onderskeie gebiede. Daar het reeds vyf suksesvolle byeenkomste plaasgevind. Kennisgewings in die verband is al gesirkuleer. Ons sal tydens die geleenthede ook meer besonderhede voorsien oor van die bogenoemde aktiwiteite maar dan veral oor die aksies en beplanning waarmee die Nasionale Raad tans besig is. Neem kennis van die volgende datums en plekke

9 Maart 2018 Vrydagmiddag – Oos-Kaap (Port-Elizabeth)
10 Maart 2018 Saterdagoggend – Wes-Kaap (Malmesbury)
12 Maart 2018 Maandagaand – Noord- Kaap (Kimberley)

Teken die datums aan en kom kuier saam by die Bondsraad 7 en 8 Junie 2018 in Paarl. Wees Sterk . ❖

KKNK ontbyt - 2 April 2018

Vriende

Soos die gebruik vir baie jare is, sal die KKNK ontbyt weer gedurende die kunstefees op Oudtshoorn plaasvind.

Die ontbyt sal plaasvind op 2 April 2018 om 07:30 by Karoobrou. Dit is by die Klein Karoo Landboukoöperasie op Oudtshoorn. Die koste beloop R120 per persoon. Enige wins sal, soos in die verlede, oorgedra word na die Rapport Onderwysfonds (ROF).

Die spreker is Dr. Danie Langner, Hoof Uitvoerende Beampte van die FAK en Hoofleier van die Voortrekkers.

Bevestig asseblief voor of op 20 Maart 2018 by Schalk van Vuuren, tel: 083 628 7900 of Willem Knoetze, tel: 082 408 6769 of Deon Joubert, tel: 083 458 0706 indien u die funksie gaan bywoon.

Ons sien uit daarna om u op Oudtshoorn te ontmoet.

Vriendelike groete
Deon Joubert ❖